



Koninkrykstyf

GRENDEL- GEDAGTES

Romeine 8:26-39

Sug

Agtergrond

Romeine is waarskynlik een van Paulus se laaste briewe – net Filemon is na Romeine geskryf. Romeine is 'n betekenisvolle brief wat rigtinggewend vir baie mense in die verlede was. Romeine staan in sommige kringe bekend as die Evangelie volgens Paulus. Die verdeeltheid tussen die Joodse en heidense christene daar was geen geheim nie. Tweespalt en diskriminasie was van die kern uitdagings wat afgelei kan word uit Paulus se brief. Paulus stel dit onomwonde dat daar in God se Koninkryk geen onderskeid is nie (Rom 3:22b): nie op grond van ras, klas, seksuele oriëntasie, belangrikheid, geslag, huwelikstatus of politieke party nie. Een van Paulus se belangrikste woorde in die brief aan die Romeine is ALMAL. Die Evangelie wat Paulus verkondig, wat hy gesien en beleef het is een van GENADE, 'n besef van sy eie broosheid (vulnerability) en die wete dat hy niks kan doen om sy verlossing, regverdigheid te verdien nie, alleen maar net om dit te ontvang. Dis dan ook binne hierdie konteks dat Rom 8 afspeel. Die Gees wat sug, is 'n medelye met die sug van die skepping, en die

versugting van swakke mense wat in die gemeente en gemeenskap sukkel om met hulle verskille saam met mekaar te leef (volgens die vorige perikoop).

Sug

Ek lees verlede week van iemand wat in die tyd 'n verstrengelde seeskilpad hier in die skiereiland gered het wat na 'n week van intensiewe sorg dood is. In die na-doodse ondersoek ontdek hulle 67 stukke plastiek in die skilpad se ingewande. Toe ek dit lees hoor ek Romeine 8 se skepping wat sug. In Saterdag 18 Julie lewer Dana Snyman kommentaar in Van Alle Kante op sy ervaring wat tans in die samelewing aan die gang is. In sy retoriek herhaal hy die refrein iets is verkeerd, en hierin hoor jy die eggo van die sugtende mense in Romeine 8.

Jy hoor hierdie selfde sug in Albert Camus se klassieke werk The Myth of Sisyphus as hy die vraag vra of die lewe die moeite werd is om te leef. Hy skryf dit in 1942 midde in die tweede wêreld oorlog. In hierdie vreemde tyd van verlies, gestrooptheid, ingeperkt-

heid, onsekerte laat Camus se vraag mens opnuut wonder oor die lewe.

Die Gees se sug

Dan kom Paulus se woorde in Rom 8:26,27 as 'n troos dat die Gees in die omstandhede ook sug – namens ons met versugtinge by die Vader pleit, en ons selfs tegemoed kom om ons selfsugtige bedoelinge te transformeer. Maar is dit genoeg dat die Gees vir ons intree? Dit lyk nie of daar enige iets aan ons lot verander nie!

Dieselfde jaar wat Camus die vraag gevra het of die lewe die moeite werd is om te leef, is Viktor Frankl saam met 'n miljoen ander mense na Auschwitz gestuur waar die meeste onder onmenslike omstandighede gesterf het. Frankl het oa sy ma, sy pa en sy broer in die massamoorde in die konsentrasiekampe verloor. Sý lewe is gespaar. 11 maande na hy die onoorleefbare oorleef het, het Frankl oor Camus se filosofiese vraag of die lewe die moeite werd is om te leef in 'n klompie lesings besin wat hy geredigeer en 'n bondige boekie in 1946 uitgegee is. Dis is nou vir die eerste keer in engels gepubliseer: *Yes to life – In Spite of Everything*. Frankl skryf hierin dat wanneer hy terugkyk op wat daar gebeur het, hy van alles gestroop is: geld, mag, belangrikheid, alle sekerhede, gesondheid. Al wat oorgebly het was sy ware self en die ontdekking van sy roeping, hoekom hy hier is.

Is dit nie wat in hierdie grendeltyd met ons gebeur nie: die wêreld word gestroop van geld, mag, van belangrikheid, van alle sekerhede. 'n Ontdekking dat geluk nie in goed lê nie, maar dat die ontdekking van die Yes to Life eerder lê in wie ons is, wie VIR ons is, wie s'n ons is (Rom 8:31 – God is vír ons . . .). Dit gee sin, laat ons môre opstaan om ons plig te gaan doen waarvan liefhê die heel belangrikste is.

Kleingroepe

Frankl haal die Indiese digter en filosoof Rabindranath Tagore (Eerste Nie –Europieër wat die Nobelprys gewen het) aan in sy boek *Yes to life*;

I slept and dreamt

That life was joy.

I woke and saw

That life was duty.

I worked – and behold,

Duty was joy.

Dink na oor hoekom jy hier is, wat jou roeping/plig is. Hoe kan jy in hierdie onseker tyd hoop bring in die kringe waar jy beweeg?